

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeve deur Die Nasionale Pers, Beperk., posbus 692, Kaapstad

DEEL XXVII, No. 1069

18 SEPTEMBER 1942

AAN DIE HOOFPOSKANTOOR
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

'n Indringer in Afrikaans

IN 'n bydrae wat in *Die Huisgenoot* van 9 Mei 1941 verskyn het, het prof. D. B. Bosman van die Universiteit van Kaapstad die aandag gevestig op die gebruik van die „Hollandse d” in Afrikaans waar sodanige gebruik in stryd is met die fonologiese struktuurwette van ons taal. Hy het bv. daarop gewys dat Afrikaans, in teenstelling met Duits sowel as Nederlands en Engels, sekere konsonante aan die end van 'n woord reëlmatig afgooi. Meer spesifiek het hy aangedui dat „na enige konsonant behalwe l, r, m, n, en ng, word 'n d of t aan die end van 'n woord konsekwent afgegooi. Dit is 'n fonologiese struktuurwet van ons taal . . . en word in alle werke oor die historiese klankleer van Afrikaans beklemtoon.”

Prof. Bosman het vervolgens aangedui hoe ons in die teenswoordige Afrikaanse skryftaal voortdurend uitsonderinge op hierdie reël teëkom. Voorbeelde is die volgende: *beskaafd, afgeleefd, verslaafd; geregtig, besadigd; gevreesd, bedeesd* — selfs *beheersd!* Opmerklik is dat hierdie vorme nie in die ouer uitgawes van die *Woordelys* van die Akademie toegelaat is nie. In die derde druk vind ons bv. *afgeleef, bedees, begaaf, beproef*, teenoor *afgeleef(d), bedees(d), begaaf(d), beproef(d)*, ens., in die vyfde druk, wat aandui dat ons hier te doen het met nuwe ontleninge. Hy waarsku dan teen die gevaar van die ontlening van hele groepe woorde aan 'n ander taal, want dit kan die wesenlike aard van ons taal bedreig.

Die Akademie se taaldeskundiges het blykbaar die saak in die verlede nie deeglik oordink nie, want daar is in die jongste *Woordelys* dosyne woorde oorgeneem wat tot die genoemde klas behoort. Prof. Bosman kon ongelukkig nie die jongste vergadering van die Spellingkommissie bywoon nie, maar hy het 'n uitvoerige memorandum oor bogenoemde spellingvraagstuk voorgelê, en na ons verneem, het die ander lede van die Spellingkommissie volkome instemming met sy standpunt betuig.

As die „Hollandse d” vir deskundiges so 'n moeilikheid opgelewer het, kan 'n mens begryp watter duistere vraagstuk dit vir die leek is. Ons hoop derhalwe dat die Spellingkommissie binnekort die nodige voorligting in verband daarmee sal verstrek, want intussen word hierdie d los en vas en volkome sonder rym of rede deur die meeste mense gebruik.

AANTEKENINGE

'n Biografie van Dr. Kestell

PROF. D. F. MALHERBE is deur die Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk van die Vrystaat versoek om 'n lewensbeskrywing van wyle dr. Kestell op te stel, en blykens 'n besluit van die Sinodale Kommissie het hy die opdrag aanvaar. Dit was 'n groot verlies vir die volk dat dr. Kestell hom nooit wou laat beweeg om 'n outobiografie op te stel nie; en vir sover as wat nou daarvoor tot 'n mate vergoed kan word deur 'n treffende lewensbeskrywing, is die taak ongetwyfeld aan die beste persoon toevertrou. Ons hoop net dat prof. Malherbe se menigvuldige werksaamhede hom die tyd sal laat om hierdie werk binne redelike tyd te voltooi.

Die Afrikaanse Gesangboek

AS gevolg van 'n kennisgewing wat onlangs in verband met die Afrikaanse Gesangboek in *Die Kerkbode* verskyn het, het daar volgens briefwisseling sowel in *Die Kerkbode* as in die dagblaaie die vrees ontstaan dat in die gesangboek vertaalde Engelse „hymns” opgeneem sal word. Hoewel die betrokke kennisgewing hierdie indruk kon geskep het, hoef daar, soos ons gelukkig kon vasstel, geen sodanige vrees te bestaan nie. Die gesamentlike kommissie vir die beryming van gesange het 'n besliste opdrag van die Sinodes van die verskillende provinsies ontvang om die nuwe gesangboek uit te brei met nuwe gesange, o.a. uit die Vervolgbundel van die Hervormde Kerk, deur die vertaling van klassieke liedere en gebruikmaking van oorspronklike verse; die voorwaarde is uitdruklik gestel dat in die sangwysies die bekende koraalmusiek van die Kerk gehandhaaf moet word. 'n Ruim aantal van die gesange in die Nederlandse bundel wat vir ons as 't ware dooie verse en wysies was, moes ook vervang word met gesange wat in woord en musiek geskik is vir besondere geleenthede, toestande en jaargetye. Daar sal dus benewens berymings en vertalings met bekende wysies, ook oorspronklike verse met nuwe toonsettings in die nuwe bundel voorkom. Die Gesangbundelkommissie het reeds sy werk voltooi en die verse word nou deur 'n bevoegde letterkundige nagesien voordat dit na die drukkers gaan. Ons wil die hoop uitspreek dat die nuwe gesangboek in woord en musiek van dieselfde hoë peil sal wees as die psalmboek wat reeds verskyn het, en dat dit sal dien tot bevordering van ons kerkgesang.

Volksepele en -Sang in Pretoria

DIT is bemoedigend om te sien met watter geesdrif die beoefening van volksepele en -sang oor die hele land aangepak word. Telkens verneem 'n mens van nuwe verenigings of laers wat gestig is; en as 'n vereniging eers in eie kring genoeg geesdrif opgewek het, strek dit die hande uit om ander wat miskien minder geleenthede het om onderrig te ontvang, te help. Die jongste berig van bedrywigheid op hierdie gebied kom uit Pretoria, waar die Vereniging vir Volksepele en Volk-sang vanaf 2 tot 9 Oktober 'n kursus sal hou. 'n Goed opgeleide demonstrasiegroep van veertig lede sal vir die opleiding in volksepele sorg. Die spele en volksang sal egter ook afgewissel word met voorlesings oor Afrikaanse voordragkuns, skilderkuns en volksang, sodat die kursus eintlik heelwat meer as net volksepele en -sang sal behels. Aan die end van die kursus sal daar 'n groot openbare byeenkoms wees by watter geleentheid prof. M. C. Botha, rektor van die Universiteit van Pretoria, as spreker sal optree.

Belangstellendes moet hul navraag rig tot die sekretaris van die vereniging, Sanlamgebou, Andriesstraat, Pretoria. Inskrywings sal tot 20 deser ontvang word.

Die Kerk en Volksepele

IN verband met bostaande wil ons hier net verwys na 'n besluit wat op die jongste vergadering van die Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk van die Vrystaat aangenem is in verband met volksepele. Daar is deur die Ring van Smithfield navraag gedoen in verband met volksepele, en die vergadering se aanbeveling lui o.a. as volg: „(a) Dat kerkrade in die oog moet hou dat die moderne dans bestry kan word deur die verwelkoming van ons gesonde volksepele; (b) dat kerkrade, met die oog op die uitkakeling van alle ongesonde oordrywing en ander euwels, medewerking sal verleen met die organisasie van volksepele.” As spesifieke euwels word genoem sterk drank, onbehoorlike kleredrag en ingevoerde jazz-musiek. Daar het in kerklike kringe nogal heelwat agterdog teen die volksepele bestaan, en hierdie ondubbelsinnige aanbeveling van 'n hoë kerklike liggaam sal veel daartoe bydra om daardie agterdog uit die weg te ruim, terwyl aktiewe samewerking van die kant van kerklike ampsdraers sal meehelp om hierdie mooi volksbeweging — want dit het inderdaad al 'n volksbeweging geword — van vreemde smette vry te hou.

Kennis vir Almal

DIE Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein, het 'n begin gemaak met die publikasie van 'n nuwe reeks populêr-wetenskaplike boeke *Kennis vir Almal*. Die reeks is verdeel in dertien afdelings: Aardkunde, Biologie, Ingenieurswese, Mediese wetenskap, Plantkunde, Ekonomie, Wis- en Sterrekunde, Landbou en Veteelt e.d.m., elk onder redaksie van 'n vakkundige. Elke jaar sal daar ses-en-twintig boekdeeltjies (teen 3s. elk) verskyn oor onderwerpe uit elk van die verskillende afdelings. 'n Allesomvattende opsomming van 'n bepaalde onderwerp word nie in een uitgawe gegee nie. Die redaksie streef daarna om die veld oor 'n lang tydperk en in verskillende uitgawes te dek. Die boekies word almal in populêre trant geskryf, d.w.s. so eenvoudig, opgewek en onderhoudend dat die nuuskierige leek die uiteensettings maklik kan volg. Die doel van die reeks is om aanvullend te wees by die kennis wat op skool opgedoen is en om antwoorde te verskaf op al die honderde vrae wat die toegepaste wetenskap en die tegniek by belangstellende leke laat ontstaan. Hoe word goud gedelf? Hoe werk 'n drukmasjien? Wat veroorsaak winde? Hoe werk 'n motor? Wat is geld? Wat veroorsaak sproete? Die telefoon, die radio, televisietoestelle — hoe werk dié dinge? Alle soortgelyke vrae probeer die reeks boekies beantwoord. Die eerste nommer in die reeks het reeds verskyn: *Instink of Verstand* deur dr. Lulu Latsky, 'n boekie oor die gewoontes en handelinge van allerlei huis- en wilde diere.

Ons verwelkom hierdie reeks omdat dit in 'n baie duidelike behoefte by die Afrikaanssprekende bevolking probeer voorsien. Nog belangriker as die bevrediging van nuuskierigheid omtrent natuurverskynsels en die prestasies van die wetenskap en tegniek wat die reeks boekies probeer bevredig, is die gesonde en intelligente belangstelling in wetenskaplike en tegniese navorsing wat dit na alle waarskynlikheid sal wek. Dit is 'n ongewenste toestand van sake dat wetenskaplike navorsing, veral in ons land, so dikwels deur oningewyde leke as geleerde bogtery beskou word. Die gevolg daarvan was nog altyd onverskilligheid, teenkanting en onwilligheid, selfs by ons wetgewende rade, om dié soort werk behoorlike geldelike steun te gee. Hieraan het die geleerdes self ook skuld, want baie van hulle neem die houding in dat hulle met misterieë besig is waarvan die leek nooit 'n begrip kan vorm nie. En daarmee verbeur hulle belangstelling en steun wat op die lange duur van groot belang in hul werk kon gewees het. Indien die reeks boekies *Kennis vir Almal* hierin 'n verandering kan aanbring, sal hy die bevolking en die wetenskap 'n groot diens bewys.